

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Hersiening Nr. 444/2004

In die hersiening tussen:

DIE STAAT

en

JOHN NTSANE

CORAM: **CILLIé *et* VAN DER MERWE, RR**

UITSPRAAK DEUR: **VAN DER MERWE, R**

GELEWER OP: **24 MEI 2004**

- [1] Die beskuldigde in hierdie aangeleentheid het in die Landdroshof te Theunissen tereggestaan op twee aanklagte. Die eerste aanklag was een van besit van onbewerkte edelmetaal, te wete gouddraende stof ter oortreding van die bepalings van artikel 143(3) van die Wet op Mynregte, Nr. 20 van 1967. Die tweede aanklag was een van diefstal van dieselfde gouddraende stof ter waarde van R186,57, die eiendom of in regmatige besit van 'n onbekende persoon of instansie. Na 'n verhoor is die beskuldigde op beide aanklagte skuldig bevind soos aangekla. Op aanklag 1 is die beskuldigde

gevonnis tot 'n boete van R1 800,00 of nege maande gevangenisstraf. Op aanklag 2 is die beskuldigde gevonnis tot ses maande gevangenisstraf. By die vonnis op aanklag 1 het die verhoorlanddros bygevoeg:

“Art 287(11), Wet 51/77 van toepassing op klagte.”

- [2] Die skuldigbevinding aan besit van onbewerkte edelmetaal ten opsigte van aanklag 1, is myns insiens in orde. Dieselfde geld egter nie vir die skuldigbevinding aan diefstal ten aansien van aanklag 2 nie. Die getuienis namens die Staat was dat die beskuldigde in die agterplaas van sy woning betrap was saam met 'n ander persoon, in die proses om die betrokke gouddraende stof te verwerk deur dit met 'n stamper in 'n staalhouer fyn te stamp. Die enigste ander relevante bewysmaterial voor die hof was dat die beskuldigde gemelde optrede in sy getuienis valslik ontken het. Volgens die getuienis van die beskuldigde, wat nie betwis is nie, was hy werksaam by 'n myn, waarvan die naam nie genoem is nie maar in 'n stoorkamer, sodat hy nie met die goud van daardie myn werksaam was nie.

[3] Dit is so dat 'n persoon skuldig bevind kan word aan diefstal van goedere waarvan die eienaar aan die aanklaer onbekend is. Sien artikel 84(2) van die Strafproseswet, Nr. 51 van 1977 (die "Wet"). Bewys bo redelike twyfel dat die betrokke goedere wel gesteel is en dat die beskuldigde dit gesteel het, is in so 'n geval uiteraard moeiliker as gewoonlik. In die onderhawige geval kan na my oordeel geensins bo redelike twyfel bevind word dat die beskuldigde die betrokke gouddraende stof gesteel het nie. Van die blote feit dat die beskuldigde valslik kennis van die gouddraende stof ontken het, kan dieftige opset ook nie bo redelike twyfel afgelei word nie. Die skuldigbevinding en vonnis op aanklag 2 moet dus tersyde gestel word.

[4] Wat betref die verwysing na artikel 287 van die Wet ten aansien van die vonnis op aanklag 1, verduidelik die verhoorlanddros in sy redes vir vonnis dat hy bedoel het om te verwys na artikel 287(4) van die Wet en dat sy bedoeling was om 'n lasgewing soos bedoel in daardie artikel te maak.

[5] Artikel 287(4) van die Wet bepaal tans soos volg:

“(4) Tensy die hof wat 'n tydperk van gevangenisstraf as alternatief

vir 'n boete opgelê het anders gelas het, kan die Kommissaris by inwerkingtreding van die alternatiewe straf of op enige tydstep daarna, indien dit nie vyf jaar te bowe gaan nie, na goeëdunke –

- (a) optree asof die persoon gevonnies is tot gevangenisstraf soos bedoel in artikel 276(1)(i); of
- (b) ooreenkomstig die bepalinge van artikel 276A(3) aansoek doen dat die vonnis deur die hof *a quo* heroorweeg word, en daarop is die bepalinge van artikel 276A(3) *mutatis mutandis* op so 'n geval van toepassing.”

[6] Artikel 287(4) verleen dus 'n diskresie aan 'n hof wat gevangenisstraf as alternatief vir 'n boete opgelê het om te gelas dat die Kommissaris van Korrektiewe Dienste verbied word om by inwerkingtreding van die alternatiewe gevangenisstraf of op enige tydstep daarna op te tree asof die betrokke persoon gevonnies is tot gevangenisstraf waaruit so iemand na goeëdunke deur die Kommissaris onder korrektiewe toesig geplaas kan word ingevolge artikel 276(1)(i) of om ooreenkomstig die bepalinge van artikel 276A(3) op grond van die oordeel dat die beskuldigde geskik is om aan korrektiewe toesig onderwerp te word, aansoek te doen by die

hof *a quo* dat die vonnis heroorweeg word. Die diskresie om 'n lasgewing ingevolge die bepalings van artikel 287(4) van die Wet te maak, moet uiteraard regterlik uitgeoefen word. Dit beteken in wese dat die diskresie uitgeoefen moet word op grond van 'n redelike of aanvaarbare tersaaklike rede. Die vraag is derhalwe in die betrokke geval of sodanige rede(s) aanwesig is waarom die beskuldigde nie na goeddunke van die Kommissaris ingevolge artikel 276(1)(i) van die Wet onder korrektiewe toesig geplaas kan word nie, of waarom die Kommissaris nie 'n versoek om heroorweging van vonnis op grond van geskiktheid om aan korrektiewe toesig onderwerp te word, mag doen nie.

- [7] In sy redes bekla die verhoorlanddros hom daaroor dat die Departement van Korrektiewe Dienste gevonnisd persone te gou uit die gevangenis vrylaat, volgens sy persepsie ten einde die probleem van oorvol gevangnisse te bekamp. Daarby verklaar die landdros dat sy bedoeling met die beoogde lasgewing was om te sorg dat die beskuldigde ten minste twee-derdes van die vonnis van gevangenisstraf moet uitdien. Dit is nie vir my duidelik hoe die twee-derdes van die vonnis bereken is of hoe die uitdienting daarvan bewerkstellig sou word nie. Wat wel duidelik is, is dat die

verhoorhof in werklikheid beoog het om die vroeë vrylating van die beskuldigde op parool te verhoed en dat die verhoorhof vrylating op parool gelykstel aan plasing onder korrektiewe toesig. In beide hierdie opsigte het die verhoorhof hom myns insiens wanvoorgelig.

- [8] Hoewel geregtelike en openbare kommer oor ongeregverdigde vrylating op parool verstaanbaar is (sien bv. **S v BULL AND ANOTHER; S v CHAVULLA AND OTHERS 2001 (2) SASV 681 (HHA) op 702 par [45]**), is daar verskeie beslissings waarin dit baie duidelik gemaak word dat hoewel tans (artikel 276B van die Wet het nog nie in werking getree nie) nie mag inmeng met die uitvoerende gesag se bevoegdheid ten aansien van parool nie. (Sien **S v BULL AND ANOTHER; S v CHAVULLA AND OTHERS** (*supra*) op 694 en **S v MATLALA 2003 (1) SASV 80 (HHA) op 82 par [7]**). Ook bly korrektiewe toesig 'n vorm van straf en afhangende van die voorwaardes daarvan, 'n gevoelige straf. Die verhoorlanddros se motivering vir 'n lasgewing ingevolge die bepalings van artikel 287(4) van die Wet is dus nie houdbaar nie.

[9] Daar is myns insiens geen rede waarom die onderhawige beskuldigde, indien en wanneer hy daarvoor kwalifiseer, nie onder korrektiewe toesig geplaas kan word of waarom die moontlikheid van 'n heroorweging van vonnis ingevolge artikel 276A(3) vooraf uitgesluit moet word nie.

[10] Gevolglik word die skuldigbevinding aan diefstal op aanklag 2 en die vonnis van ses maande gevangenisstraf op daardie aanklag tersyde gestel. Die verwysing na artikel 287 van Wet 51 van 1977 ten aansien van die vonnis op aanklag 1 word deurgehaal, maar die skuldigbevinding en vonnis ten aansien van aanklag 1 origens bekragtig.

C.H.G. VAN DER MERWE, R

EK STEM SAAM

C.B. CILLIÉ, R

/scd